Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

YHVH SE VOEDSELVOORSKRIFTE

LES 14: VERKLARING VAN LEVITKUS 11:32 TOT 36

GROEI IN DIE GENADE EN KENNIS

1. Elkeen moet daarna strewe om voortdurend toe te neem in die genade en kennis van YHVH en Yeshua Messias. Dit is die verkorte definisie van geestelike groei. Niemand kan daarop roem om oor al die openbaringskennis van YHVH en Yeshua te beskik nie; selfs nie die dominee of pastoor of teoloog of geestelike leier of toegewyde Skriftestudent nie. Ons ken net ten dele (1 Kor. 13:9) en moet daarom voortdurend op soek wees na die volle waarheid. Luister na die woorde van Petrus:

   Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van YHVH en Yeshua, ons Meester! 2 Pet. 1:2

   Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van ons Meester en Saligmaker, Yeshua Messias. Aan Hom kom die heerlikheid toe, nou sowel as in die dag van die ewigheid. Amein.
   2 Pet. 3:18.

2. Die woord *en* (genade *en* kennis) in 2 Pet. 3:18 is die Griekse woord *kai* wat ook vertaal kan word as *selfs* (*also*) en as *asook* (*even*). Ons kan dus hierdie teksvers lees as dat ons moet toeneem in *die genade asook (selfs) in die kennis*. Die twee is dus onafskeidbaar van mekaar. Ons moet dus nooit die genade van Vader-God so belangrik beskou dat ons die kennis van Hom verwaarloos nie. Ewe belangrik is dat ons nie die kennis bo die genade moet verhef nie.

3. Om YHVH ons God en Vader, asook Yeshua Messias, waarlik te ken is 'n ewigdurende proses en is elkeen se eie verantwoordelikheid. Yeshua het gesê:

   En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Yeshua Messias wat U gestuur het. Joh. 17:3

4. Die woord "ken" beteken nie slegs feitelike kennis nie, maar is kennis wat op grond van `n intieme verhouding bestaan. Dit is om te ken op grond van `n eenwording tussen twee persone; `n broederskap en kameraadskap deur een van gees te word. Die woord "ken" in die oorspronklike vertaling, in beide Grieks en Hebreeus, beteken om kennis te hê van, asook om te verstaan, waar te neem, te onderskei en insig te hê. Om YHVH en Yeshua op dié wyse te ken is slegs moontlik deur 'n persoonlike en intieme verhouding wat op die Skrifte gebaseer is.

5. Die Woord (die Torah) van YHVH vorm die basis van ons verhouding met Hom, want dit is die basis van ons kennis van Hom en die basis van ons geloof in Hom. Daar is geen ander wyse waardeur jy en ek YHVH werklik kan leer ken nie as deur Sy Woord nie. Yeshua Messias is die Lewende Woord (Torah) wat ons van YHVH ontvang het (Joh. 1:1 tot 4) en in Hom is al die skatte van wysheid en kennis te vind.

   Want ek wil hê dat julle moet weet wat 'n groot stryd ek oor julle het, en oor die wat in Laodicéa is en almal wat my aangesig in die vlees nie gesien het nie, dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die volle versekerdheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God en die Vader en van Yeshua, in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is. Kol. 2:1 tot 3

6. Sommige kennis en insig van die geestelike waarhede in die Skrif is duidelik geopenbaar, terwyl ander weggesteek is en dit is vir ons om dit te ontdek (te soek).

   Dit is die eer van God om 'n saak te verberg, maar die eer van konings om 'n saak na te speur. Spr. 25:2

7. Daarom is die Skrifte vergelykbaar met 'n diamantmyn vol kosbare diamante wat gedelf kan word. Elke diamant is 'n geestelike waarheid van onskatbare waarde. Elkeen wat derhalwe met ywer en toewyding in die Woord van God delf, sal hierdie kosbare waarhede vind. Dit is ons eer om hierdie geheimenisse te soek en te ontrafel, terwyl ons daaraan herinner word dat ons dit slegs in Hom sal vind. Hy is die bron van genade en kennis vir die redding van ons gees, siel en liggaam!!

8. Die doel van kennis is om dit te benut. Wanneer nuwe kennis bekom word, moet bestaande kennis in die lig van die nuwe beoordeel word en waar nodig dienooreenkomstig aangepas word. Hierdie beoordeling en aanpassing geld ook soos ons kennis van YHVH en Yeshua toeneem. Soos ons tot geestelike volwassenheid groei deur toenemende kennis van YHVH Yeshua, sal ons ons bestaande geloofsoortuigings moet evalueer en selfs sekere geloofsaanpassings moet doen. Soms vereis dit 'n omvattende verandering van ons geloofsoortuiging en soms slegs 'n klein verstelling of regstelling.

9. Levitikus 11:32 tot 36 is een van daardie Skrifgedeeltes waar die kennis en insig van die ware betekenis verskuil is en dit van ons vereis word om dit te gaan delf en die Afgesonderde Gees te vertrou om dit aan ons te openbaar. Dit vereis dat ons sal aanhou vra, soek en klop (Matt. 7:7 en 8). Wanneer ons dan glo dat ons die korrekte verklaring daarvan verstaan, kan dit dalk vereis dat ons 'n geloofsaanpassing of geloofsverstelling sal moet maak.

10. Laat ons dan met hierdie gesindheid hierdie Skrifgedeelte ondersoek en dat elkeen dan self besluit of daar met die verklaring wat hier aangebied word saamgestem word of nie. Dit is noodsaaklik om Levtikus 11 weer aandagtig te lees, en veral verse 32 tot 36, voordat met hierdie les voortgegaan word.

VERDELING VAN DIE ONREIN DIERE

1. In Levitikus 11 vind ons 'n lys van onrein diere wat nie vir die mens as voedsel dien nie. Ons moet eerstens besef dat daar by sommige van die diere wat gelys word vandag onsekerheid bestaan oor die presiese spesie. Ons het reeds daarna verwys in Les 13 (Deel 2) in die geval van die pelikaan (Lev. 11:18). So word ook in Lev. 11:29 in die Afrikaanse vertaling na die akkedis verwys, terwyl die King James vertaling dit as die "tortoise" beskryf. Die Hebreeuse woord wat vir hierdie dierspesies gebruik word kan beide akkedis (salmander) of skilpad beteken.

2. 'n Waarskynlike verklaring vir bogenoemde onduidelikheid is dat sommige van die spesies wat in die oorspronklike Skrifte genoem was, moontlik reeds uitgesterf het of dat die korrekte betekenis van die spesifieke woord in die oorspronklike geskrifte nie verstaan word nie, omrede dit deur die eeue verlore gegaan het. In die tyd van die ou verbond het daar egter nie hierdie onduidelikheid bestaan nie en het almal met sekerheid geweet na watter diere verwys word.

3. Die onrein diere wat in Levikus 11 genoem word kan ondermeer ook soos volg verdeel word:

   - Verse 1 tot 8: Viervoetige diere van die groter soort.
   - Verse 9 tot 12: Visspesies en ander waterspesies.
   - Verse 13 tot 19: Voëls.
   - Verse 20 tot 23: Insekte.
   - Vers 27: Viervoetige diere wat op kaal pote loop. (Byvoorbeeld die katspesies en die Beerspesies)

- Verse 29 tot 31: Reptiele en kleiner soogdiere soos rotte, muise, molle (hoofsaaklik bekend as knaagdiere).

- Verse 41 tot 43: Ongediertes wat op die aarde wemel (meerpotiges) en die wat op hulle buik seil (slange).

4. Tussen bogenoemde teksverse vind ons bykomende inligting waaroor daar verskillende verklarings bestaan. In hierdie les sal daar op die gedeelte in verse 32 tot 36 gefokus word.

5. Die mees algemene verklaring van die teksverse 32 tot 36 is dat enige rein dier wat in dieselfde kombuis en met dieselfde kombuisware voorberei word as wat vir onrein diere gebruik word, moet as onrein beskou word. Met ander woorde die rein diere word onrein weens die "besmetting" (onreinheid) afkomstig van die kombuis en kombuisware waar onrein diere as voedsel voorberei was. Die onreine besoedel dus die reine. Dit beteken dat feitlik alle restourante en kitskosuitlate nie aan YHVH se voedselvoorskrifte voldoen nie en derhalwe nie deur Torahgetroue kinders van YHVH besoek mag word nie, want daardeur verontreinig hulle hulself! Dit beteken dat slegs kosher gesertifiseerde restourante en kitskosuitlate besoek mag word.

6. **Die vraag is egter**: Is dit die korrekte interpretasie van hierdie gedeelte? Om die korrekte antwoord te kry moet die hele Levitikus 11 in konteks gelees word. Die vraag wat dan gevra moet word is die volgende: Is die voorskrifte in verse 32 tot 36 op alle onrein diere van toepassing of is dit slegs van toepassing op die onrein diere wat beskryf word in die onmiddelike voorafgaande verse 29 tot 31, met ander woorde net op sekere reptielspesies en kleiner soogdiere soos rotte, muise, molle, ensovoorts?

7. In konteks gesien is die gevolgtrekking dat hierdie voorskrifte slegs op die onrein diere van verse 29 tot 31 van toepassing is. Die hoofrede vir hierdie siening is die volgende: Daar is nog 'n groep onreindiere (verse 41 tot 43), naamlik ongediertes wat op die aarde wemel (meerpotiges soos die duisendpoot) en die wat op hulle buik seil (slange) wat na hierdie voorskrifte in verse 32 tot 36 genoem word. Dit opsigself behoort bewys te wees dat die voorskrifte in verse 32 tot 36 nie op alle onrein diere van toepassing is nie, maar slegs op die groep wat in verse 29 tot 31 genoem word, naamlik sekere reptielspesies en knaagdiere soos rotte, muise, molle en dus hoofsaaklik knaagdiere.

8. Die vraag is dan nou hoekom hierdie voorskrifte op hierdie bepaalde groep van onrein diere van toepassing is. Ook in hierdie geval is die waarskynlike antwoord uit 'n wetenskaplike oogpunt verklaarbaar:

- Hierdie groep diere het twee belangrike eienskappe wat dit potensieel baie gevaarlik vir die mens maak, naamlik: Hulle teel geweldig vinnig aan en / of hulle is die draers van siektes wat maklik aan die mens oorgedra kan word met baie ernstige en selfs rampspoedige gevolge.

- Die tempo waarteen rotte en muise aanteel is sodanig dat in onbeheerde toestande kan hulle binne weke tot 'n ernstige plaag ontwikkel. 'n Rot- en muiswyfie kan in 'n leeftyd van ongeveer een jaar tot 80 kleintjies voortbring.

- Veral rotte en muise pas baie maklik by hul omgewing aan. Hulle het die vermoë om areas waar voedsel opgeberg en voorberei word maklik binne te dring, vinnig aan te teel en groot skade aan te rig. Sulke areas, asook die voedsel, word dan besmet met hulle uriene en ontlasting.

- Rotte en muise is potensiële draers van verskeie siektes. Sommige van hierdie siektes word aan die mens oorgedra deur kontak met die uitskeidings van die knaagdiere soos byvoorbeeld die Hantavirus Pulmonêre Sindroom (HPS) en Leptospiroses.

- Sommige ander siektes word via vlooie en luise wat op knaagdiere voorkom aan die mens oorgedra. Die bekendste hiervan is tifus (luispes) en builepes (ook bekend as die "swart dood"). Waar hierdie siektes uitbreek neem dit epidimiese en pandemiese afmetings in enkele dae aan en is die sterftesyfer geweldig hoog. So byvoorbeeld het die uitbreek van luispes in 1918 in Europa na raming 3 miljoen lewens geëis voor dit sowat drie jaar later onder beheer gebring kon word. Volgens raming het builepes wat in verskillende dele van die wêreld uitgebreek het sowat 75 miljoen mense se lewens in die tydperk 1340 tot 1771 geëis.

9. Dink net as een van hierdie peste onder die Israeliete sou uitbreek!! Dit sou vernietigende gevolge gehad het. Israel sou waarskynlik binne enkele weke uitgewis gewees het!! Mense wat builepes opdoen sterf binne 2 tot 3 dae en dit is een van die mees aansteeklikste siektes wat bestaan.

10. In die lig hiervan moet ons die verdere verklaring van verse 32 tot 36 ondersoek. In verse 32 en 33 sien ons dat enige houtvoorwerp, of kledingstuk of vel of sak wat in kontak kom met enige van hierdie diere wat dood is, in water gesit moet word (gewas word – ontsmet word). Enige erdevoorwerp moes egter vernietig word. Die rede is dat 'n dooie rot of muis waarskynlik weens siekte gesterf het (*) en dus potensieel 'n bron van besmetting vir die mens is. 'n Houtvoorwerp, kledingstuk, sak of vel is nie so poreus en absorberend as 'n erdevoorwerp nie en kan dus gewas word. 'n Erdevoorwerp is weens sy poreuse aard baie moeilik reinigbaar (ontsmetbaar)(veral eeue gelede) en moes daarom vernietig

word en nie weer gebruik word nie. Vers 35 moet ook hiermee saam gelees word.

*[Die geskiedenis het bewys dat wanneer dooie rotte of muise in ‘n area gevind word dit ‘n sekere teken is van die waarskynlike uitbreek van pes].

11. Vers 34 verg ook noukeurige ondersoek, veral ten opsigte van die vertaling. Die Afrikaanse Ou vertaling lees soos volg:

enige voedsel wat geëet word waar water op kom, sal **daarin** *onrein wees; en enige drank wat in so ‘n voorwerp, van watter soort ook, gedrink kan word, sal onrein wees.*

Die woord *daarin* kom nie in die oorspronklike vertaling voor nie. Die teksvers moet dus soos volg vertaal word:

enige voedsel wat geëet word waar water op kom, sal onrein wees; en enige drank wat in so ‘n voorwerp, van watter soort ook, gedrink kan word, sal onrein wees.

12. Die Hebreeuse woord vir water wat in dié teksvers (34) gebruik word, is dieselfde woord vir water as wat byvoorbeeld in vers 32 gebruik word naamlik *mayim* (Strong’s H4325) en beteken die volgende: *water; figuratively juice; by euphemism urine, semen*. In die lig hiervan, en volgens die korrekte vertaling van vers 34, is die verklaring van hierdie teksvers die volgende: Enige voedsel wat geëet word waar die uriene (uitskeidings) van rotte en muise op kom, sal onrein wees en enige drank wat in so ‘n voorwerp, van watter soort ook, gedrink kan word, sal onrein wees.

13. Opsommend dus die volgende ten opsigte van verse 31 tot 35:

- Enige voorwerp (kleding en kombuisware) waarop ‘n dooie rot of muis val of waarin ‘n dooie rot of muis gevind word, is onrein.

- Enige voedsel wat geëet word op kombuisware waarop of waarin die uitskeidings (uriene) van rotte en muise beland het, is onrein.

14. Bogenoemde verduideliking dat verse 31 tot 34 slegs van toepassing is op die groep diere van verse 29 en 30 maak sin indien ons daarin dink dat ons byvoorbeeld nie ‘n vark of volstruis in ‘n kombuis of in of op kombuisware sal vind nie.

15. Die vraag is dan hoe vers 36 verklaar kan word. Die waarskynlike verklaring is te vinde in die verwysing na *‘n versamelplek van water* waar ‘n groot hoeveelheid water ter sprake is. Weens die verdunningseffek van water en die feit dat die vlooie en luise afkomstig van muise en rotte, sowel as die mikro-organismes wat genoemde siektes veroorsaak, nie in

water kan oorleef nie, is die kans op siekte oordraging gering en is die water dus rein. Die karkas van die dier is as sulks egter steeds onrein, want dit is potensieel ‘n bron van besmetting vir die wat dit hanteer.

OPSOMMEND

1. Die voorskrifte in Lev. 11:32 tot 36 is nie op alle onrein diere van toepassing nie, maar slegs op die onrein diere wat beskryf word in die onmiddelike voorafgaande verse 29 tot 31, met ander woorde net op sekere reptielspesies en kleiner soogdiere veral rotte, muise, molle, ensovoorts.

2. Hierdie voorskrifte is soos al die onderrig en voorskrifte van YHVH vir die welsyn van sy volk gegee. Die voorskrifte van verse 32 tot 36 is veral gegee vir die liggaamlike gesondheid en bewaring van verwoestende epidemies.

3. Weereens is dit duidelik dat die Woord van YHVH en die wetenskap versoenbaar is. Die voorskrifte in verse 32 tot 36 is basiese voorskrifte om epidemies wat deur knaagdiere veroorsaak word, te voorkom. Die wetenskap het eers met tyd volle insig hierin gekry na die uitbreek van ernstige epidemies in die veertiende en latere eeue en soos die mediese wetenskap met tyd ontwikkel het. Hierdie is ook bevestiging dat ons nie YHVH se onderrig en instruksies moet bevraagteken nie, maar dit nougeset moet uitvoer al verstaan ons dit nie ten volle nie. Dink net hoeveel menslewens kon gespaar gewees het as hierdie instruksies van YHVH deur al die eeue toegepas was! Juis die feit dat die Jode hierdie Torah-instruksies toegepas het en hul dus die rampspoedige gevolge van builepes grootliks vrygespring het, was die rede dat hulle daarvan beskuldig was dat hulle dit veroorsaak het en derhalwe ook vervolg was.

4. Soos aan die begin van hierdie les genoem is: Mag ons elkeen in die genade en selfs in die kennis van YHVH en Yeshua ons Messias toeneem!

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Kan ons met vrymoedigheid in restourante eet waar rein en onrein vleis in dieselfde kombuis voorberei word en dieselfde kombuisware gebruik word? Mag ons byvoorbeeld ‘n 100% biefburger eet waar die vleis op dieselfde bakplaat as die spek gebraai word en dus met varkvet besoedel word?

2. Is produkte, soos jellie, wat gelatien bevat wat vanaf varke afkomstig is onrein? Voedselgraad gelatien is ‘n suiwer ekstrak en die vraag is of dit nog enige ‘onreinheid’ bevat? Wat van medikasie in kapsulevorm (die kapsules woord hoofsaaklik van gelatien vervaardig)?

3. Die van ons wat kinders het weet dat jy soms vir jou kind ‘n opdrag gee en dan wil die kind weet hoekom? Ons almal het dikwels dan geantwoord: *Omdat ek so sê*!! Dit is nie nodig dat Vader-God alles aan ons moet verduidelik nie. Ons moet net aanvaar dat Hy die opdrag in ons belang gee. Vader dra ons welsyn op die hart en daarom moet ons dit net doen sonder om te vra. Doen dit eers en dan kan jy vra hoekom!

Shalomgroete tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.